

**26 September**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:1-13**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:13**

**Wat die meeste saak maak**

Lente- en somertyd laat ons weer met nuwe oë na onself kyk. Het ek die wintervetjies afgeskud? Is my vel weer mooi sonbruin? So asof dit belangrik is! Wat gaan die meeste saak maak as jy vandag nog jou oë vir die laaste keer op aarde toemaak?

Die vraag wat Johannes hier beantwoord, is die belangrikste: Hoe kan ek seker wees van die ewige lewe? In verse 10 en 11 gee God aan ons 'n eenvoudige, kort en duidelike getuienis: "Wie die Seun het, het die lewe."

Wat beteken dit om die Seun te hê? Om 'n rand te hê, beteken dat ek vir 'n rand se waarde iets kan koop. Om die Seun te hê, beteken die Seun doen iets vir jou (soos die rand). As jy die vrugbaarste uur van jou lewe wil spandeer, gaan sit vandag en skryf op 'n papier al die volgende dinge wat jy weet van Jesus neer: Wat kan Hy doen? Waarvoor het Hy na die wêreld toe gekom? Wat het Hy alles belowe? (Gebruik jou Bybel as jy wil.) As jy dit klaar gedoen het, dan skryf jy agter elke sinnetjie: "Vir my".

Johannes som al hierdie dinge op met een woordjie: "lewe". Ewige lewe is nie net die verlengstuk van al die frustrasies en halwe vreugdes van hierdie lewe nie. Wanneer Jesus sy werk gedoen het (soos die rand vir jou), gaan al die halwe lewensvreugdes oor in volle lewensvreugdes. Hy het immers belowe: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed"(Joh 10:10).

As jy die Seun het, ontvang jy uiteindelik die erfenis wat in die hemel vir jou bewaar word (1 Pet 1:3-5). As hierdie belofte vir jou die meeste saak maak en jy nie seker is dat jy dit het nie, glo dan maar net God se getuienis daaroor!(1 Joh 5:13).

*Sing: Psalm 73:11 (1936-beryming)*

*Dr ME Schalekamp (Roodepoort)*